9/2/063/28


9/2/063/0007 ANNEXURE 3.5

SUBMISSION TO W. CAPE REGIONAL COMMITTEE MEETING: 5 MARCH 1999

**PROPOSED DECLARATION AS A NATIONAL MONUMENT: FORT SIDNEY, COGMANSKLOOF, MONTAGU**

**PROPERTY:** On the cutting line between Farm 153 and Farm 30, Montagu

**OWNER:** Breede River District Council, P O Box 91, WORCESTER, 6850




**CULTURAL/HISTORICAL BACKGROUND**

Cogmanskloof is a mountain poort through the Langeberg range, which is situated between Montagu and Ashton and divides the towns of the Breede River Valley from the Klein Karoo. This kloof is named after a Kholkhoi clan, known as the Cochemans, once resident in the area. The harsh *gh* sound in its name is symbolic of the starkly beautiful, rugged mountain scenery. Andrew Geddes Bain constructed the pass between 1875 and 1877. Since then the road has been widened and tarred. The present road, completed in 1952, follows a slightly different route. Immediately above the tunnel, on a rocky ridge known as Kalkoenkrans, is a little square British fort that was built by a stonemason named William Robertson as a lookout post in 1899 during the Anglo-Boer War. It's known as the Sidney Fort, after Colonel Sidney of the British Artillery, who selected this site. The spectacular view from the fort, which commanded the road in both directions, proves the wisdom of this choice.

2/...

When Martial Law was proclaimed in certain areas during theSouth African (Anglo-Boer War), Montagu was included. The Commandant that was appointed to take over the administration of the Martial Law was Hon. Lieut. Col. Sidney of the Royal Field Artillary. Together with other officers he inspected the roads and passes through which an enemy may advance if the Cape colony was invaded by the Republican or Rebel Commandos. He was responsible for the design and construction of the fort. The fort was manned by a company of the Volunteer Battalion Gordon Highlanders commanded by Lt. Forbes. These Highlanders were remnants of the survivors of the Battle of Magersfontein, where the Highland Brigade suffered a severe defeat and their Commanding Officer, Jgeneral Wanchope lost his life. To the military units this fort was known as Sydney (sic) Fort in honour of the local commandant. The fort was not large enough to provide living quarters for a full company, and the Highlanders apparently made their headquarters down in the valley below, at Thomas Bain's old construction camp.

## DESCRIPTION

This British fort from the South Afircan (Anglo-Boer) War period is built of the local sandstone in a rectangular shape. It is perched on top and to the South of the Cogmanskloof tunnel on the national road, a few kilometers outside Montagu on the Ashton side. The fort has 24 loopholes and no doors, just an opening towards the South. The walls are approximately 3 meters high and 0,5 meter thick.

## CONSERVATION POTENTIAL

| | |
|---|---|
| CONDITION: | Good |
| USE: | Tourist attraction |
| OWNER'S ATTITUDE: | Positive |

## STATEMENT OF SIGNIFICANCE

Fort Sidney is a well preserved example of a local defence building of the British military force from the South African War (1899-1902) built of local sandstone, and is a well known landmark in the Montagu district, which is annually visited by hundreds of tourists.

## RECOMMENDATION

That the old fort, known as Fort Sidney, situated on top of the Cogmanskloof tunnel on the cutting line between the farm Droogekloof, Farm 153, and the farm Roodeberg, Farm 30, coordinates Y20 degrees 05 min + 83 sec and X33 degrees 48 min + 81 sec be declared as a national monument.

## SOURCES:

Burman, Jose, The Little Karoo, Human & Rosseau, Cape Town, 1981
Records from the Montagu Museum, 14 Nov 1985
Getaway Magazine, August 1991, pp 48 & 106

**COMPILED BY:** Kirstin van Tonder, Assistant Regional Manager: Boland & West Coast
Date: 24 February 1999 h:\kvt\wpdocs\fortsid.rep

## THOMAS BAIN EN COGMANSKLOOF

*(deur Mej Kirstin M van Tonder)*

(Referaat om aangebied te word by die streekkonferensie van die S.A. Vereniging vir Kultuurgeskiedenis gehou te word op Vrydag, 20 en Saterdag, 21 Augustus 1999 te Montagu)

Op **5 Mei** hierdie jaar het die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede besluit om Cogmanskloof tot 'n nasionale gedenkwaardigheid te verklaar. Die gebied wat ingesluit word is die hele **7,4 kilometer-lange pas** met **dertig meter** se **padreserwe** weerskante daarvan, wat by die Hodgesbrug begin, die ou **stukkie Bain-pad** insluit en ook **Fort Sidney**, wat bo-op Cogmanskloof se tonnel geleë is, **tot en met De Waal-brug** by die ingang van Montagu.

Die **motivering** vir verklaring wat by die **Minister** van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie voorgelê sal word, is dat hierdie pas, wat deur die bekende padbouer, **Thomas Bain** tussen 1873 en 1877 **gebou** is, die **Breederivier-vallei met die Klein Karoo** op 'n baie spesiale manier **verbind**. Die **skouspelagtige kloof** met sy **geologiese belangrikheid** vorm saam met die **kultuurhistoriese aspekte** in die pas, naamlik die **Hodgesbrug, die ou Bain-pad en Fort Sidney** 'n **unieke bewaringsgebied**.

Die **kultuurgeskiedenis** van die gebied **dateer baie ver terug**. Hierdie **gang** deur die kloof **dien** al sedert die **vroegste tye** van die **Khoekhoen-gemeenskap** as 'n **verbindingsroete** tussen die gebiede wat ons vandag ken as die **Boland en die Klein Karoo**. Dit was met ander woorde **lank voordat** die Kloof deur **agtiende eeuse koloniste** as **trek-roete** gebruik is. Volgens die **geskiedkundige**, **Graham Botha** (1962) kom die **naam "Cogmans"** van die **woord Koekemans of Cochemans**, met 'n "C", wat 'n **Khoekhoen-stam** was wat eens in die **omgewing gebly** het.

2/...

In die **literatuur** word daar onder andere na die naam verwys as ***Cochemans-*** **(met 'n C)**, ***Cockelmans-*** (met 'n C), ***Kockemans-*** (met 'n K), ***Kogmans-*** (met 'n K) en ***Cogmans*** (met 'n C).

Kom ons kyk kortliks na die GEOLOGIESE OORSPRONG VAN DIE KLOOF

Die kloof is 'n **bergpoort** deur die **Langebergreeks** wat tussen Montagu en Ashton geleë is en die **Breederiviervallei** met die **Klein Karoo** verbind. Geologies is die kloof 'n asemrowende vertoning van **plooie en verwronge lae rots** in die berge, wat deur die inheemse plantegroei beklemtoon word. Die **geoloë** beweer dat die Kloof **ontstaan** het gedurende die **Ordovisium-tydperk** van die aarde se geskiedenis, sowat **450 miljoen** jaar gelede, toe die Suid-Kaap 'n groot, plat area was wat gegrens het aan 'n kontinent wat na die noorde gelê het. Die **kuslyn van die oseean** wat hierdie plat area gedek het, het **heen en weer geskuif** en 'n dik **laag kwartssand** agter gelaat. Hierdie **sandneerlaag**, nou bekend as die **Tafelberggroep**, is later bedek deur ander **sedimentlae**. Veel later het **druk**, wat ontstaan het weens 'n **noordwaardse drywing**, die suidelike kontinent se **sediment-rotslae verwring**. Gedurende die **afgelope 100 miljoen jaar** van die geologiese tydperk, het **erosie** uiteindelik die harde rotse van die Kaapse Plooi-gordel **blootgestel**. **Rivier-erosie** het **wye valleie** soos die Klein Karoo gevorm, en **nou valleie** deur die **weerstandbiedende, harde kwartslae**, in hierdie geval die **Langeberg**, gesny. Cogmanskloof bied nou vir die besoeker **asemrowende uitsigte** op die **plooie en verwronge rotslae**. Die Vallei is **7,4 km lank** en lê ongeveer **600 m benede** die toppunt van die Langebergreeks. (Kaart: "South Africa: 1: 50 000 no 3320CC Montagu") Die skilderagtige skoonheid van die Kloof word verder **bevorder** deur die natuurlike plantegroei, **die fynbos** in die berge en die **rivieroewer-bos** wat in die klipbestrooide vallei vloer groei.

3/...

National Monuments Council Library

As ons kyk na die MODERNE geskiedenis van die KLOOF, kan ons begin by die 18DE EEU. Sedert **1725**, toe daar begin is met die **uitgee van plase** anderkant die **Langeberge**, het Cogmans Kloof begin om 'n **deurgangsroete** tot hierdie welgestelde **boerdery-gemeenskap** te word. Hierdie pad, wat die **Keisierivier telkemale oorkruis** het, het geweldige **probleme** veroorsaak. Die Keisierivier het dikwels in **vloed afgekom**, wat die pad **onbegaanbaar** gemaak het en reisigers het soms vir weke moes wag vir die rivier om te sak. **Waens** het soms **omgeslaan** op die rotse of in die sand **vasgeval**. Die gevolg hiervan was dat **Montagu** redelik **geïsoleerd** gebly het.

Ongeveer **vyftig (50) jaar later**, op **2 November 1773** het die **reisiger Carl Peter Thunberg** die **westelike ingang** tot die Cogmanskloof opgemerk (Forbes, 1986, p206). Hy is vroeg **in November 1776** deur 'n **mede Sweed, Anders Sparrman** gevolg, wat **aangeteken** het dat hy naby die **suid-westelike ingang** van die **Cogmanskloof** deurgegaan het (Forbes, 1977, p247).

TAGTIG (80) JAAR LATER, in die 19DE EEU, het groot dinge in Cogmanskloof gebeur. Volgens hierdie wonderlike **naslaanbron** uit die RNG se biblioteek, die ***"CAPE OF GOOD HOPE PARLIAMENTARY REPORTS"***, het die **Sentrale Raad van Kommissarisse** in **1854** hulle **verslag** aan die **Kaapse Parlement** (1854,pp 91, 102) dringend **versoek** dat 'n **pad gebou word** vanaf die **Tradouwpas** naby Barrydale tot by **Cogmanskloof**. Hulle het daarop gewys dat, (en ek haal aan) **"...'n pad deur Cogmanskloof die uitgebreide en produktiewe landstrook tussen die Swarteberg- and Langebergreekse..." sou oopmaak**. Plaaslike inwoners **van Robertson, Montagu en Worcester** het so sterk daaroor gevoel dat hulle in **1861** petisies saamgestel het wat by die **Parlement ter tafel** gelê is. Daar is toe **besluit** dat 'n **pad** wel deur Cogmanskloof **gebou sal word**.

4/...

Die man wat **aangestel** is om die pad te bou was niemand anders as die bekende **Thomas Bain**, seun van Andrew Geddes Bain nie. Hy was gevra om die pad **al langs die loop van die rivier** uit te lê. Bain het toe met die hulp van **slegs 32 bandiete** en onder die toesig van mnr Charles Hendy die pad in **1873 begin** bou en vier jaar later **in 1877 voltooi**. Die **totale koste** daaraan verbonde was **25 000 pond** (*Bell-Cross, 1991:6*). Hierdie opdrag het die maak van die **tonnel ingesluit**, wat seker Bain se **mees ambisieuse projek** was, aangesien dit deur harde rots gemaak moes word oor 'n **afstand van sestien (16) meter** en teen 'n **hoogte van vyf (5) meter**. **Naby die ingang** na die kloof, vanaf Ashton se kant, is 'n **draai in die pad** waar 'n **ou brug, die Hodgesbrug**, nog gesien kan word. Hierdie brug is **vernoem na mnr F J Hodges** ter ere van die werk wat hy gedoen het as **Siviele Kommissaris van Robertson**. Goeie nuus is pas ontvang dat die Munisipaliteit van Ashton hierdie ou brug mooi gaan skoonmaak en herstel, sodat dit weer geloop en besigtig kan word deur toeriste.

In die **middel van die kloof**, aan die **kant van die pad was** daar 'n ou **tolhuis** omring met bome, wat seker **terugdateer het tot 1877** toe Bain die pas voltooi het. Blykbaar was hierdie tolhuis vir etlike jare in die besit van die **Pasquale familie**. Dit is **onseker wanneer** hierdie struktuur **gesloop** is, want blykbaar is die **strukture wat tans in daardie omgewing** staan baie meer **onlangs** opgerig.

En dan kom ons by 'n baie tersaaklike tydperk in die Kloof se geskiedenis, DIE ANGLO-BOERE-OORLOG-TYDPERK

Gedurende die **tweede helfte van 1901** is die **vrede en rustigheid** in die suidelike en westelike distrikte van die Kaapkolonie skielik **versteur** toe **Republikeinse magte** met die ondersteuning van **Kaapse rebelle** so ver suid as **Riversdal**, **Montagu en Touwsrivier strooptogte** begin uitvoer het in die distrik. (*Constantine, 1996; Preller, 1938; Smith, 1946*) As gevolg van die **paniek** wat die **Britse Militêre magte** toe getref het, is hulle **soldate** na hierdie area **uitgestuur** om **passe en valleie** soos **Karoopoort**, **Pienaarspoort**, **Seweweekspoort**, **Meiringspoort en Cogmanskloof te blokkeer.** Op 'n paar plekke is daar toe **forte gebou.** Een van die **oorblewe** ou forte is **Fort Sidney**.

FORT SIDNEY

Fort Sidney is 'n goed-bewaarde voorbeeld van 'n **plaaslike verdedigings-gebou** van die **Britse militêre mag** uit die **Anglo-Boere-oorlog** tydperk. Hierdie struktuur wat in **1901** van **plaaslike sandsteen** gebou is, is 'n **welbekende baken** in die Montagu distrik en word jaarliks deur honderde **toeriste besoek.** Ons moet nog net seker maak dat die **aanwysingsbord** langs die pad gewysig word sodat die datum reg lees. Die Fort is direk **bokant die tonnel** in Cogmanskloof, **bo-op 'n rotsagtige rif** bekend as **Kalkoenkrans** geleë. Dit is gedurende die **laaste helfte van 1901** deur 'n **klipkapper genaamd William Robertson** gebou. Die fort is 'n **reghoekige struktuur** en het **vier-en-twintig (24) skietgate.** Daar is **geen deure** in die struktuur nie, slegs **'n enkele deurloop-opening** na die suide. Die **mure** is ongeveer **drie (3) meter hoog** en **'n halwe (0,5) meter breed.** Die fort het sy **naam te danke** aan **Kolonel Sidney van die Britse Artillerie**, wat hierdie **terrein uitgewys** het as die **beste ligging** vir so 'n **verdedigings-fort** en wie **verantwoordelik** was vir die **ontwerp en konstruksie** daarvan.

Die uitmuntende **uitsig** vanaf hierdie fort, vanwaar die **pad in beide rigtings** duidelik sigbaar is, bevestig die **wysheid van keuse** op hierdie ligging. Toe **Krygswet afgekondig** is in sekere areas **gedurende die Anglo-Boere-oorlog**, was **Montagu** een van die dorpe wat **onderhewig** daaraan was. Die **Kommandant** wat aangestel is om die **administrasie van die Krygswet** oor te neem was die **Edelagbare Luitenant-Kolonel Sidney** van die **Britse Veld-artillerie**. Hy het die **paaie en passe** waardeur die **vyand kon beweeg**, indien die Kaapkolonie deur **Republikeinse of Rebelle Kommando's ingeval** sou word saam met ander offisiere **geïnspekteer**. Die fort was **beman** deur 'n groep van die **Vrywilligers Bataljon Gordon Hooglanders**, onder die **bevel van Luitenant Forbes**, wat almal **oorlewendes** van die slag van **Magersfontein** was. By Magersfontein het hulle 'n slegte nederlaag gely, en dit is waar hulle **Bevelvoerende Offisier, Generaal Wauchope** sy lewe prysgegee het.

Die fort was egter nie groot genoeg om woonkwartiere aan die hele geselskap te voorsien nie, en die **Hooglanders** het blykbaar hulle **hoofkwartiere** toe **onder in die vallei ingerig**, waar **Thomas Bain se ou konstruksiekamp** was. Sover ek weet is daar geen **teken meer** van hierdie strukture sigbaar nie.

20STE EEU

Die geskiedenis van die pas gedurende die **twintigste (20ste) eeu** begin in **1913** met die bou van die **De Waalbrug oor die Kignarivier** by die **westelike ingang** na Montagu. Toe was dit nog 'n **grondpad**. Dit was eers in **1931** dat Cogmanskloof se **pad geteer** is. Die pad soos ons dit **vandag** ken is egter **nie die oorspronklike pad** wat Bain gebou het nie, want **in 1953** is die pad **heeltemal herbou en verbreed**. **Naby die tonnel en fort**, aan die suidekant van die pad, is daar egter nog 'n baie mooi **stukkie** van die **ou Bain-pad** sigbaar.

7/...

Alhoewel **Thomas Bain** die **belangrikste padbouer** sover bekend in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was, was sy **opleiding eerder prakties as teoreties**. Dit was **tydens sy pa se bou** van **Michellspas en Bainskloofpas** dat hy sy **ervaring as assistent-padbouer** opgedoen het. Hy kon egter nie 'n beter **mentor** gehad het nie! In **1854** het hy wel **'n eksamen afgelê** in **siviele ingenieurswese**, wat deur die **koloniale ingenieur, Lt.-Kol. Charles Michell** voorberei is. Hierna is hy **aangestel as pad-inspekteur** vir die hele Wes Kaap o[illegible].

Die res van Thomas Bain se verhaal sal egter moet oorstaan tot 'n volgende keer.

**BRONNE:**


Botha, C G. 1962, General History and Social Life of the Cape of Good Hope (3 Vol), Struik, Cape Town, 93 pp

Burman, Jose. 1963, So High the Road, Human & Rosseau, Cape Town, 157 pp

Burman, Jose.1981, The Little Karoo, Human & Rosseau, Cape Town, 155 pp

Constantine, R J. 1996, The Guerilla war in the Cape Colony during the South African War of 1899-1902, MA Thesis, UCT. Unpub, 208pp

Forbes, VS (Ed). 1977, Anders Sparrman, Vol II, Van Riebeeck Society, Cape Town, Second Series No 7, 296 pp

Forbes, VS (Ed). 1986, Carl Peter Thunberg. Travels at the Cape of Good Hope 1777-1775, Van Riebeeck Society, Cape Town, Second Series No 17, 360 pp

Lister, MH (Ed). 1949, Journals of Andrew Geddes Bain, Van Riebeeck Society, Cape Town, No 30, 246 pp

Preller, GS. 1938, Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland, Nasionale Pers, Cape Town, 215 pp

Ross, Graham. Nov 1993, South African Transport, pp 49-51

Smith, JA. 1946, Ek Rebelleer, Nasionale Pers, Cape Town, 183 pp

Storrar, Patricia. 1984, A Colossus of Roads, Murray & Roberts/Concor, 108pp

Cape of Good Hope Parliamentary Reports

1854 Annual Reports of the Central Board of Commissioners for Public Roads in the Cape Colony. Report A15

1861 Report of the Select Committee on the Seven Weeks Poort. Report A6-1861

1862 Report of the Select Committee on the Cogmans Kloof. Report A4-1862

1865 Report of the Select committee appointed to consider and report on the Bushmans Kloof Road. Report A9- 1865

1878 Report of the Select Committee appointed to consider and report on the Robertson Road Contribution. Report A10-1878

Rekords van die Montagu Museum, 14 Nov 1985


Met groot dank aan mnr Johan Loock, Voorsitter, Burgergrafte Komitee, RNG

Datum: 19 Augustus 1999 h:\kvt\wpdocs\cogmans.abo

MONTAGU MUSEUM

ATTENTION: KIRSTEN VAN TONDER

Proposed declaration as a national monument: Cogmanskloof, Montagu.

| | | |
|---|---|---|
| Property | : | Boy Retief Bridge to De Waal Bridge |
| Owner | : | Breede River District Council, P.O. Box 91, Worcester, 6850 |
| | : | Montagu Municipality, P.O. Box 24, Montagu, 6720 |

Cultural/Historical Background

Cogmans Kloof is a mountain poort which cuts through the Langeberg Mountains and connects Ashton in the Breede River Valley with Montagu in the Little Karoo.

The Kloof is named after a Khoi Khoi tribe the Cochemans, who once lived in this area.

Cogmans Kloof road was, constructed by Thomas Charles John Bain, son of Andrew Geddes Bain, between 1873 and 1877 and opened on 28 February 1877 – 7,4 km long.

Since 1725 when farms were granted beyond the Langeberg Mountains, Cogmans Kloof became the gateway to this rich farming area. This road which followed the Keisie River crossing and recrossing it, caused tremendous problems. The Keisie River often came down in flood making the road impassable and travellers had to wait for a long time – sometimes weeks – for the river to subside. Wagons overturned on the rocks or got stuck in the sand.
As the road was so hazardous, Montagu remained to a large degree isolated. In 1861 as a result of two petitions by the people of Robertson, Montagu and Worcester, a parliamentary committee decided that a road should be built through Cogmans Kloof, using convicts.

In March 1867 the riverr came down in flood – the pass was closed after vehicles overturned and 12 people drowned. Another flood followed in 1868.

In 1873 Bain arrived, laid off a considerable section of the pass, and 32 labourers under Mr C. Hendy started work on the pass.

Bain chose a route which avoided the multiple river crossings and kept to higher ground along the far bank which meant much blasting and cutting of very hard rock.
Bain himself said, "I have never experienced such hard rock as that which the Cogmans Kloof is composed of."
The building of the pass included the tunnel through Kalkoenkrantz hard rock. It was 16m long, had a 5m high arched roof with cuttings of 25m and 18m at the two ends.

In 1913 the De Waal Bridge over the Kigna River at the western entrance to Montagu, was built.

In 1931 Cogmans Kloof was tarred and in 1953 the road was reconstructed and the Loftus Bridge and Boy Retief Bridge was built over the Keisie River.

Description
From the Boy Retief Bridge, sections of Bains road situated on the right of the new road and on the other side of the river are still to be seen – up to the Loftus Bridge which today forms the entrance to Bain's tunnel or the Kalkoenkrantz tunnel. Bain's road cuts back under the precipice of Kalkoenkrantz and turns sharply through the tunnel. This section is still in good shape with well – constructed heavy retaining walls – it was used to divert traffic after the flood of 1981.

Conservation potential

| | | |
|---|---|---|
| Condition | : | fair |
| Use | : | tourist attraction |
| Owners attitude | : | positive |

Statement of significance
The section of Bains road from the Boy Retief Bridge to the tunnel is highly visible from the new road and grants an excellent view of Bains engineering and construction ability – the walls are massive and well-built with drains and culverts.
The tunnel is still largely unchanged, except that it was enlarged. Fort Sidney (Sydney) is located on top of Kalkoenkrantz.
This area is annually visited by thousands of tourists.

Recommendation
That Cogmans Kloof pass from the Boy Retief Bridge on the Ashton side of the tunnel to the De Waal Bridge at the western entrance to Montagu be declared a national monument

Sources:
Montagu Museum Archives
Oberholtzer, prof JJ 1978 – rede gelewer by onthulling van Bain gedenkplaat
Colossus of Roads – P. Storrar
The Little Karoo – J Burman
Ross, Graham – Thomas Bain: Pioneer Road Builder